

20 Mei 2022

Geagte Heer/Dame,

OMGEWINGS- EN SOSIALE IMPAKSTUDIE (OSIS) VIR VOORGESTELDE AFLANDIGE EKSPLORASIEBOORWERK IN BLOK 5/6/7, SUIDWESKUS, SUID-AFRIKA

KENNISGEWING VAN BESIKKBAARHEID VAN 'N KONSEP OMVANGSVERSLAG VIR OORSIG EN KOMMENTAAR EN UITNODIGING NA PUBLIEKE VERGADERINGS

TotalEnergies EP South Africa Block 567 (Pty) Ltd ("TEEPSA") het by die Departement van Minerale hulpbronne en Energie (DMRE) aansoek gedoen om Omgewingsmagtiging vir die onderneem van eksplorasiëboorwerk in Blok 5/6/7 langs die Suidweskus van Suid-Afrika. Die Area van Belang is rofweg tussen Kaapstad en Kaap Agulhas geleë, ongeveer 60 km vanaf die kus by die naaste punt en in waterdieptes tussen 700 m en 3 200 m.

Die aansoek om Omgewingsmagtiging is ingedien in terme van die Omgewingsimpakstudie (OIS) Regulasies 2014 (soos gewysig) kragtens die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (No. 107 van 1998) (soos gewysig), aangesien die volgende gelyste aktiwiteite van toepassing is:

- Aktiwiteitslys 1 (R.983 van 2014 soos gewysig): 14, 17, 19A.
- Aktiwiteitslys 2 (R.984 van 2014 soos gewysig): 4, 6, 7, 14, 18.

SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd ("SLR") is aangestel as die onafhanklike Omgewingskonsultant om die OSIS proses vir die voorgestelde projek te onderneem. Die doel van die proses is om die potensiële omgewings- en sosiale impakte te identifiseer en te assesser en om, waar moontlik, maatreëls te ontwikkel waardeur beduidende negatiewe omgewings- en sosiale impakte vermy of verminder kan word, sowel as om voldoende inligting aan DMRE te verskaf om 'n ingeligte besluit te neem.

BESIKKBAARHEID VAN KONSEP OMVANGSVERSLAG VIR OORSIG EN KOMMENTAAR

Die OSIS proses bied verskeie geleenthede vir publieke kommentaar, naamlik tydens die Omvangsfase sowel as die Impakassesseringsfase. Die OSIS is tans in die Omvangsfase waartydens daar deur 'n deelnemende proses, potensiële impakte geïdentifiseer word vir verdere oorweging. SLR het 'n konsep Omvangsverslag saamgestel wat beskikbaar is vir 'n 30-dae oorsig- en kommentaarperiode vanaf **20 Mei tot 20 Junie 2022**. Dit bied aan



SLR Consulting (South Africa) Proprietary Limited

Registered Address: Suite 1 - Building D, Monte Circle,
178 Montecasino Boulevard, Fourways, Johannesburg, Gauteng, 2191
Postal Address: PO Box 1596, Cramerville, 2060, South Africa

Reg. No: 2007/005517/07

Vat No: 4630242198

Johannesburg Office: Physical Address: Suite 1 - Building D, Monte Circle,
178 Montecasino Boulevard, Fourways, Johannesburg, Gauteng, 2191
Postal Address: PO Box 1596, Cramerville, 2060 Tel: +27 11 467 0945

Cape Town Office: Physical / Postal Address: 5th Floor, Letterstedt House,
Newlands on Main, Cnr Main and Campground Roads,
Newlands, Cape Town, Western Cape, 7700
Tel: +27 21 461 1118

belanghebbende en geaffekteerde partye die geleentheid om kommentaar te lewer op enige aspek van die voorgestelde projek en die potensiële impakte wat geïdentifiseer is vir verdere ondersoek in die Assesseringsfase.

Kopieë van die **volle verslag** en **Nie-Tegniese Opsomming** is by die volgende plekke beskikbaar vir die duur van die kommentaarperiode:

- SLR webblad (<https://www.slrconsulting.com/en/public-documents/TEEPSA-567>).
- Verniet Data Webblad (<https://slrpublicdocs.datafree.co/en/public-documents/TEEPSA-567>), wat beskikbaar is vanaf 'n selfoon met internettoegang sonder datakoste.
- Plekke in Tabel 1 gelys.

Die Nie-Tegniese Opsomming is ook as 'n **klankopname** op die bogenoemde webblaaie beskikbaar. Beide die Nie-Tegniese Opsomming sowel as klankopname is in Engels, Afrikaans en isiXhosa beskikbaar.

TABEL 1: BIBLIOTEKE WAAR DIE KONSEP OMVANGSVERSLAG EN NIE-TEGNIJSE OPSOMMING VIR OORSIG BESKIKBAAR IS

Plek	Naam van fasiliteit	Straatadres
Volle verslag is beskikbaar by:		
Saldanha	Saldanha Dorpsbiblioteek	Munisipale Gebou, Bergstraat, Saldanha
Kaapstad	Stad Kaapstad Sentrale Biblioteek	Paradestraat 13, Kaapstad Sentraal
Gordonsbaai	Gordonsbaai Dorpsbiblioteek	Wattstraat, Gordonsbaai
Hermanus	Hermanus Dorpsbiblioteek	Duikerstraat 66, Hermanus
Struisbaai	Struisbaai Dorpsbiblioteek	Hoek van 1ste Laan en Deininglaan, Struisbaai
Nie-Tegniese Opsomming is beskikbaar by:		
Port Nolloth	Port Nolloth Dorpsbiblioteek	Harbourstraat, Port Nolloth
Hondeklipbaai	Kamiesberg Munisipaliteit	Dolfynstraat 83, Hondeklipbaai
Vredendal	Doringbaai Dorpsbiblioteek	Kerkstraat 37, Vredendal
Lambertsbaai	Lambertsbaai Dorpsbiblioteek	Kerkstraat 44, Lambertsbaai
Elandsbaai	Elandsbaai Dorpsbiblioteek	Hoofstraat, Elandsbaai
St Helena	St Helena Dorpsbiblioteek	Columbine Singel 26, Britannica Heights, St Helenabaai
Velddrift	Velddrift Dorpsbiblioteek	Voortrekkerstraat, Velddrift
Stilbaai	Stilbaai Dorpsbiblioteek	Munisipale Gebou, Hoofstraat Wes, Stilbaai
Mosselbaai	Mosselbaai Dorpsbiblioteek	Marsh Straat 99, Mosselbaai
Sedgefield	Sedgefield Dorpsbiblioteek	Flaminkstraat 12, Sedgefield
Knysna	Knysna Dorpsbiblioteek	Memorial Plein 2, Knysna
Plettenbergbaai	Plettenbergbaai Dorpsbiblioteek	Sewellstraat, Winkel 29, Mervills Winkelsentrum, Plettenbergbaai

Plek	Naam van fasiliteit	Straatadres
St Francisbaai	St. Francisbaai Munisipaliteit	Assisiweg, St. Francisbaai
Jeffriesbaai	Jeffriesbaai Munisipaliteit	Da Gamaweg 33, Jeffriesbaai

UITNODIGING OM OPENBARE VERGADERINGS BY TE WOON

Ons nooi alle belanghebbende partye vriendelik uit om die openbare inligtingsvergaderings wat in Tabel 2 hieronder gelys is by te woon. Die doel van die Omvangsfase vergaderings is as volg:

- Om inligting te deel aangaande die voorgestelde projek, OSIS en publieke deelnameproses, insluitende die voorgestelde spesialisstudies wat gedurende die impakassesseringsfase onderneem moet word;
- Vir belanghebbende partye om vrae te vra, bekommernisse te deel, kommentaar te lewer op die voorgestelde projek, en om te help met die identifisering van kwessies wat tydens die OSIS oorweeg moet word; en
- Vir belanghebbende partye om kommentaar te lewer op die konsep Omvangsverslag en spesialisstudies wat gedurende die impakassesseringsfase onderneem moet word.

TABEL 2: OPENBARE VERGADERINGS

No.	Plek	Lokaal	Datum (2022)	Tyd
1	Saldanha	Dial Rock Gemeenskapsaal Albastrosstraat, Saldanha	Woensdag, 1 Junie	Teken in: 15h30 Vergadering: 16h00 (Vergadering sal na verwagting 3 tot 4 ure duur)
2	Hermanus	Sandbaai Saal Hoek van Jimmy Smith en Hoofstraat, Sandbaai	Donderdag, 2 Junie	
3	Kaapstad	Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum (Ballroom West) Convention Plein, Laer Langstraat 1, Kaapstad	Donderdag, 9 Junie	

REGISTRASIE VIR OPENBARE VERGADERINGS

[Kliek asseblief hier](https://forms.microsoft.com/r/TjbmCUu51A) (<https://forms.microsoft.com/r/TjbmCUu51A>) om die **vereiste vorm in te vul** vir registrasie om hierdie openbare vergaderings by te woon.

Registreer asseblief teen Maandag, 30 Mei 2022.

Registrasie om openbare vergaderings by te woon

SLR en TEEPSA is daaraan verbind om aan die regulatoriese vereistes te voldoen in terme van die Nasionale Gesondheidswet, 2003 (No. 61 van 2003), soos gewysig, ter ondersteuning van die regering se strewe om die uitbreek van COVID-19 te verhoed en te bestuur. Die aangepaste gesondheidsregulasies bepaal tans dat alle samekomste teen 50% van 'n lokaal se kapasiteit toegelaat word.

Daarom versoek ons, met respek, dat persone wat die vergaderings wil bywoon daarvoor sal **REGISTREER** (sien Tabel 2 vir registrasiebesonderhede). Persone wat nie registreer om die openbare vergaderings by te woon nie sal op die dag van die vergadering op 'n eerste kom, eerste maal basis toegelaat word totdat 50% van die lokaal se kapasiteit bereik is.

COVID-19 regulasies wat toegepas sal word by die openbare vergaderings:

- Ontsmetting van hande.
- Dra van maskers.

- Handhaaf van veilige afstand.

UITNODIGING OM AANLYN (VIRTUELE) VERGADERING BY TE WOON

Ons wil ook graag alle belanghebbende partye uitnooi om 'n **aanlyn (virtuele) vergadering** by te woon. **Registreer** asseblief om die aanlyn vergadering by te woon (sien Tabel 3 vir registrasiebesonderhede). Slegs deelnemende partye wat geregistreer het vir die aanlyn vergadering sal 'n skakel vir die vergadering ontvang.

TABEL 3: BESONDERHEDE VAN AANLYN (VIRTUELE) VERGADERING

Platform	Microsoft TEAMS
Datum	Dinsdag, 7 Junie 2022
Tyd	16h00
REGISTRASIE VIR AANLYN VERGADERING	
<p>Kliek asseblief hier (https://forms.microsoft.com/r/TjbmUu51A) om die vereiste vorm in te vul vir registrasie om die aanlyn vergadering by te woon.</p> <p>Registreer asseblief teen Vrydag, 3 Junie 2022.</p>	
LET WEL:	
<ul style="list-style-type: none"> • U benodig nie 'n Microsoft TEAMS rekening om die aanlyn vergadering by te woon nie. U sal egter 'n aktiewe internetkonneksie of mobiele data benodig om deel te neem. • Indien u by die vergadering wil inskakel met 'n mobiele toestel (bv. foon) sal u die Microsoft TEAMS mobiele toepassing moet aflaai. • Vir meer inligting oor hoe om in te skakel by die TEAMS vergadering vanaf u rekenaar (deur Microsoft Edge of Google Chrome toepassing) of mobiele toestel, klik hier • Die vergadering sal opgeneem en op die SLR en verniet data webblaaie gelaai word (besonderhede hieronder). 	

SLUITINGSDATUM VIR KOMMENTAAR OP DIE KONSEP OMVANGSVERSLAG

Die konsep Omvangsverslag is die eerste dokument vir kommentaar gedurende die OSIS proses. Kommentaar op die konsep Omvangsverslag moet SLR **teen Maandag 20 Junie 2022** bereik by die onderstaande kontakbesonderhede.

SLR Consulting (South Africa) (Pty) Ltd

Posadres: 5de Vloer, Letterstedt House, Newlands on Main, Nuweland, 7700

Tel: (021) 461 1118 **WhatsApp / SMS:** 063 900 5536

E-pos: TEEPSA-567@slrconsulting.com

SLR Webblad: <https://www.slrconsulting.com/en/public-documents/TEEPSA-567>

Verniet Data Webblad: <https://slrpublicdocs.datafree.co/en/public-documents/TEEPSA-567>

Alle kommentaar wat ontvang word sal by die Kommentaarverslag ingesluit en op gereageer word. Die Kommentaarverslag sal by die finale Omvangsverslag aangeheg word. Die finale Omvangsverslag sal ter inligting op die SLR webblad beskikbaar gestel word.

Indien u enige vrae het is u welkom om met die ondergetekende Publieke Konsultasiespan te skakel.


Vriendelike groete,

TEEPSA-567 Publieke Konsultasiespan

SLR se verbintenis tot die beskerming van persoonlike inligting:

Deur geregistreer te wees op die Projekdatabasis, magtig u SLR om (1) u Persoonlike Inligting te stoor en te gebruik as deel van 'n kontakdatabasis vir hierdie en/of ander OSIS prosesse, (2) u te kontak aangaande hierdie en/of ander OSIS prosesse, (3) die databasis bekend te maak aan ander gemagtigde partye vir wetlike doeleindes, (4) u inligting te verwerk vir wetlike doeleindes, en (5) korrespondensie wat ontvang word in OSIS verslae in te sluit.

SLR sal u Persoonlike Inligting vir niks anders gebruik anders as toegelaat of vereis deur OSIS prosesse of soos wetlik of deur openbare beleid vereis. SLR sal redelike, gepaste sekuriteitsmaatreëls gebruik om Persoonlike Inligting te beskerm en om enige skade aan, verlies van of ongemagtigde toegang of bekendmaking van Persoonlike Inligting redelikerwys te voorkom, behalwe soos benodig vir OSIS prosesse of soos wetlik of deur openbare beleid vereis. U kan enige tyd versoek dat u Persoonlike Inligting van die Projekdatabasis verwyder word of kommentaar uitgesluit word van OSIS verslae deur met SLR te skakel. Verstaan egter dat, om wetlike- of openbare beleidsredes, SLR (en enige gemagtigde partye) nie instaat mag wees om inligting uit te wis nie. SLR sal die redes hiervoor met u deel.



**VOORGESTELDE AFLANDIGE EKSPLOSAIE IN BLOK 5/6/7,
SUIDWESKUS, SUID-AFRIKA**

KONSEP OMVANGSVERSLAG KOMMENTAARVORM

NAAM / KONTAKPERSOON			
NAAM VAN ORGANISASIE			
ORGANISASIEBESKRYWING (Veld en Area van Aktiwiteit)			
POSADRES			
POSKODE		FAKSNOMMER	
TELEFOONNOMMER		SELNOMMER	
E-POS			
DATUM		HANDTEKENING	

VERSKAF ASSEBLIEF KOMMENTAAR OP DIE VOORGESTELDE PROJEK EN KONSEP OMVANGSVERSLAG HIERONDER (gebruik ekstra bladsye indien nodig):

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Stuur asseblief voltooide vorms aan SLR:

Posadres: 5de Vloer, Letterstedt House, Newlands on Main gebou, Nuweland, 7700

SMS / WhatsApp: 063 900 5536 Projek e-pos: TEEPSA-567@slrconsulting.com

SLR se verbintenis tot die beskerming van persoonlike inligting: Deur geregistreer te wees op die Projekdatabasis, magtig u SLR om (1) u Persoonlike Inligting te stoor en te gebruik as deel van 'n kontakdatabasis vir hierdie en/of ander OSIS prosesse, (2) u te kontak aangaande hierdie en/of ander OSIS prosesse, (3) die databasis bekend te maak aan ander gemagtigde partye vir wetlike doeleindes, (4) u inligting te verwerk vir wetlike doeleindes, en (5) korrespondensie wat ontvang word in OSIS verslae in te sluit. SLR sal u Persoonlike Inligting vir niks anders gebruik anders as toegelaat of vereis deur OSIS prosesse of soos wetlik of deur openbare beleid vereis. SLR sal redelike, gepaste sekuriteitsmaatreëls gebruik om Persoonlike Inligting te beskerm en om enige skade aan, verlies van of ongemagtigde toegang of bekendmaking van Persoonlike Inligting redelikerwys te voorkom, behalwe soos benodig vir OSIS prosesse of soos wetlik of deur openbare beleid vereis.

U kan enige tyd versoek dat u Persoonlike Inligting van die Projekdatabasis verwyder word of kommentaar uitgesluit word van OSIS verslae deur met SLR te skakel. Verstaan egter dat, om wetlike- of openbare beleidsredes, SLR (en enige gemagtigde partye) nie instaat mag wees om inligting uit te wis nie. SLR sal die redes hiervoor met u deel.